

# KOERSVAS

Jaargang 5      Uitgawe 117 11 Augustus 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Intensies

Daar is geen mens op aarde wat met oortuiging kan stel dat hulle net bereik wat hulle wil nie. Ons moet nou versigtig formuleer. Om te bereik net dit wat jy beoog, is om iets te vermag wat net die resultate lewer waarop gereken is. Dit is in 'n geslote ruimte van 'n laboratorium moontlik om in beperkte omvang 'n spesifieke enkel resultaat by herhaling te bereik. Die oomblik wat ons die laboratorium verlaat, kom die handskoene af en val die mure na buite om. Tydens ons interaksie met mense het ons telkens die een of ander doelwit in die oog. Ons wil graag glo dat die meeste mense edel intensies het in wat hulle (wil) doen. Sokrates het 2600 jaar gelede geglo dat mense se optrede 'n positiewe uitkoms in die hart het, selfs by geleenheid van selfmoord. Ons kan net nie altyd daardie positiewe bedoeling raaksien nie. Daar is vandag steeds denkrigtings wat werk met die veronderstelling dat mense se rasionele (en emosionele) optrede positiewe gevolge verwag.

Die Bybel vertel 'n ander verhaal. Dit is veral die Psalmdigters wat verwys na mense wat strikke stel, ander spot en verneder. Dit is naïef om te wil stel dat sodanige optrede

hulle laat beter voel oor hulself. Daar is party mense wat nie tevreden is om net te wen nie; ander moet verloor ook. Daar is met ander woorde mense wat medemense se ondergang ten doel het. Dit is bose intensies waarteen ons self ook moet waak. Ons moet bedag wees op die kits-reaksie wat net weerwraak in sy kern het. Om seer te maak soos jy seergekry het, is om in 'n dalende spiraal van vernietiging nooit weer daglig se vreugde te sien nie.

Omdat die persoon wie se optrede ons seergemaak het, nie noodwendig weet hoe seer ons gekry het nie, weet daardie persoon wat wil seermaak en verneder nie hoe sekuur hulle haat-vuur is nie. Ons hewige reaksie gaan aan die een kant tevredenheid skep by die ander persoon. Tog weet ons nie hoe seer ons reaksie of eerste optrede daardie persoon gemaak het nie, en het ons geen maatstaf om die terugkap te meet nie. Dit word 'n kettingreaksie wat vernietiging perpetueer. Dit is 'n hartseer feit dat ons intensies verwyderd is van ons optrede. Sou daar 'n een-op-een korrelasie wees, sou ons ander se reaksies kon verstaan, sou ons die impak van ons optrede kon bestuur. Nou is dit so dat onnadenkende optrede mense kan seermaak. Wel-bedoelde optrede kan mense net so seermaak. Dit is deel van die

uitdagings wat ons as mense te bowe moet kom. Ons lees van hierdie stryd in Romeine 7:19 “*Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.*”

Die sogenaamde skoenlapper-effek illustreer iets van intensies en resultate. Die skoenlapper-effek beweer dat die geflap van ‘n skoenlapper se vlerke hier, kan onder sekere voorwaardes en omstandighede lei tot ‘n orkaan elders. Daar is ‘n rimpel-effek wat ons diepste denke nie kan voorsien nie. In hierdie tyd van nadanke oor die Reformasie, sien ons oor tyd ‘n skoenlapper se opbouende effek. Martin Luther het geen intensie gehad om die kerk te “skeur” nie. Hy wou die kerk van binne hervorm. Die hewige reaksie van die pou en kie het geleid tot die situasie waarin ons vandag lewe.

Die ontstaan van die GHG is eweneens verwyderd van die oorspronklike intensie. Weerstand teen ‘n onskriftuurlike besluit het tot hewige teenstand deur die maghebbers geleid. Die ideaal om nie meer as “Beswaardes” gehoon te word nie, het geleid tot ‘n selfidentifikasie as “steeds-Hervormers”. Selfs hierdie intensie het aanstoot gegee onder diegene wat anders gevoel het oor die hantering van die gewraakte AKV-besluit. Al wat ons in ons soeke na vrede kan doen is om te volhard met die bede dat God ons help.

Ons kan nie werklik ons keuses verskoon met verwysing na intensies nie, ons kan bloot pleit vir begrip. Ons kan nie intensies in ander se optredes inlees nie, ons kan net daarna vra en begrip toon. Ons kan ook nie die gevolge van ons dade beheer nie, selfs nie in die geval van die suwerste intensies nie. Verklaring van intensies kan nie resultate regverdig nie, dit kan op die meeste begrip wek.

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### BEROEPENUUS

Ds Frans Marais het die beroep na Oostelike Pietersburg bedank.

### BYBELVASVRAE 2017

#### Streeksronde

Ds van Rooyen laat weet:

- a. Versending van vraestelle: Vraestelle en memorandums word op 11 Augustus 2017 versend. Hanteer asseblief maar vertroulik. Die vraestelle word op 13 Augustus 2017 (met die uitsondering van een gemeente op 12 Augustus 2017) by u tuis gemeente geskryf.
- b. Vermeerdering van vraestelle: Vermeerder asseblief die vraestelle en antwoord blaaie na gelang van die hoeveelheid spanne wat u het wat deelneem asb.
- c. Deelnemende spanne: Elke gemeente skryf soveel spanne as moontlik en soos verkieks in vir hierdie rondte
- d. Nasien van vraestelle: Elke gemeente sien, na gelang van die memorandum voorsien, die vraestelle na
- e. Bekendmaking van uitslae en spanlede: Alle uitslae van verskillende spanne word aan my versend voor of op 16 Augustus 2017. Name en ouderdomme van alle deelnemers in spanverband (vir statistiese doeleindes asb.) word saam met die uitslae aan my versend.

### KURATORIUM

Die Kuratorium bevestig dat die Akkreditasie van **Ds. W.H. Barnard** aanvaar en goedgekeur is. Baie geluk ds Willem. Mag jou arbeid die Here dien.

Ouderling Pieter Geyser.

## **BONDSDAMESBYEENKOMS SCHWEIZER-RENEKE MAANDAG 4 SEPTEMBER 2017**

Maandagoggend word ontbyt vanaf seweuur in die Kerksaal aangebied. Die Bondsvergadering open dan, soos gewoonlik, die oggend waar alle Bondsdames ook teenwoordig is. Daarna vertrek die Bondsdames na hul vergaderplek. Die Bondsdames gaan by Silwerjare Ouetehuis regoor die straat van die kerk vergader. Bussie vervoer is gereël om susters te vervoer van die saal tot by Silwerjare. By Silwerjare sal registrasie van Bondsdames dan plaasvind. Teetyd sal om 11 uur by Silwerjare plaasvind. Middagete sal by die Kerksaal wees en die bussie sal dames weer terugbring – tensy u wil stap. Dis regtig 500 meter. Ons sien uit daarna om u elkeen weer daar te sien. Maak asseblief seker dat u damesgetalle reeds aan Ina Steenkamp gestuur is, asook watter etes u gaan nuttig. Dit is noodsaaklik om vooraf te weet, onthou daar gaan heelwat beplanning in so 'n geleentheid in.  
Kontak Ina by 0829082831, of [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za)

### **OORNAG FASILITEITE**

#### **Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !  
Slegs 5km van die Zambezi Tolhek - naby hospitaal en besighede- Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers  
Etes en wasgoed op afspraak  
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**  
Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

### **GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/> Daar is ook preke op whatsapp beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

### **KONGRES Calvinistiese Alliansie**

Die tyd kom nader dat die jaarlikse kongres van die Calvinistiese Alliansie. Vanjaar se kongres word op **Saterdag 19 Augustus 2017** gehou by die **Meyerspark** gemeente van die Geloofsbond van Hervormde gemeentes. Die kongres begin om 10:00 vm. en registrasie begin reeds om 09:00 vm. Die registrasiefooi is R50/kongresganger. Daar word verversings verskaf en u word vriendelik uitgenooi om die geleentheid by te woon. U is welkom om vriende saam te bring vir die geleentheid. Die tema vir vanjaar se kongres is "Reformasie van 1517 toegepas op 2017". Die spreker vir die geleentheid is dr. Johan Otto.

### **LEWENSBROOD 2018**

Gemeentes word versoek om nou reeds met bemerking vir volgende jaar se boek te begin sodat u bestellings kan plaas tydens die **Bondsvergadering** in September. Ons gaan die koste steeds so laag moontlik hou.

### **DANKBUNDEL**

Lidmate wat belangstel in prof HG van der Westhuizen se dankbundel moet met ds Jaap Steenkamp skakel.

### **GELOOFSBONDKWILT 2 (2017)**

Die GHG dames se fondsinsamelings is ten bate van ons teologiese studente. Lootjies is beskikbaar by u eie gemeente. Elke gemeente word herinner aan die versoek om 3 of meer lyste se kaartjies te verkoop. Lootjies word DV tydens die GHG-byeenkoms te Schweizer- Reneke getrek. Al u vorms moet teen einde Augustus in wees.

### **GELOOFSBONDKWILT 3 (2017/2018)**

Blokke is in.

Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107.

### **DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
  - Kwitansieboeke
  - Offergawe boeke
  - Dames Kwitansieboeke
  - Konsistorieboeke
  - Reklame plakkate en ander drukwerk
- [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

### **UITNODIGING: BASAAR**

#### **PREMIERMYN**

Ons jaarlikse Basaar vind op die kerkperseel plaas op **25 en 26 Augustus 2017**. Die tema is **Oppi Plaas** en ons het seker gemaak jy kom kuier op die plaas. Alles wat jy op die plaas verwag, sal daar wees.

Vrydag is daar Pap en Kaiings of Bosvark op die spit om te eet. Saterdag is die groot kuier en eet-dag. Die smulpape moet kennis neem dat ons net 40 SKAAPKOPPE @R120 gaan berei onder leiding van 'n Afval gilde goedgekeurde kok. (Bestellings by Dinie 0824106823) Ons gaan ook afval, skaap kerrie, vetkoek, koeke, terte, pannekoek en poeding verkoop. Kleinfontein se orkes gaan die musiek maak en ons gaan ook plaasvars groente en vrugte verkoop. Vir die tuinboere

gaan daar geswete kraalmis wees – kies watter produk jy verkie. Ons het die samewerking van skape, beeste en hoenders gehad in die produksieproses.

### **MEYERSPARK**

Lentefees

**2 September 2017 vanaf 09:00**

([lentefees.geloofsbond.org.za](http://lentefees.geloofsbond.org.za))

by Hervormde kerk Meyerspark

Hope smullekker eetgoed

Pret vir die hele gesin:

Bakkiesleep - Gholf (hole-in-one)

Skyfskiet - Helikopter simuleerde

Waterglybaan - Skopfietsresies

Meer besonderhede:

Web: <https://lentefees.geloofsbond.org.za>

Tel: 071 889 2175

**Epos:** [hkm@geloofsbond.org.za](mailto:hkm@geloofsbond.org.za)

### **SUIKERBOSRAND, 30 September 2017**

Ons gemeente hou Basaar op die bogenoemde datum en wil u graag uitnooi om ons te ondersteun in hierdie groot poging. Daar sal genoeg te koop, te eet en te kuier wees.

Die basaar word op ons kerkgrond gehou te H/v Fenter en Merzstraat Heidelberg en begin reeds om 08:00.

Daar is ook twee veilings, 'n lappop en 'n windbuks.

'n Pen gemaak vanuit hout en been word ook aangebied en behoort 'n baie interessante item te wees.

Daar is uitstallers van verskillende maatskappye wat insluit: sonkragtoerusting, elektrisiteitbesparing, water suiwing en ander items wat boere en dorp bewoners kan besigtig.

Die gewone basaarprodukte soos pannekoek, kerrie en rys, nagereg,

*braaivleis, produkte, naaldwerk en vele meer sal daar wees.  
Vars gebakte brood op die terrein gebak !!  
U ondersteuning en kuier sal hoog waardeer en op prys gestel word.*

*Vriendelike groete,  
Nico van Huyssteen  
Skriba  
Hervormde Kerk Suikerbosrand*

# **OPPI PLAAS BASAAR**

## **PREMIERMYN HERVORMDE KERK, CULLINAN**

**Speletjies  
vir oud & jonk**

**Vetkoek  
Pannekoek**

**Skaapkerrie & Rys  
Tuisgebakte Brood  
Nagereg / Gebak  
Groente / Ontbyt  
Tombola / Skyfskiet  
Geswete Kraalmis  
en vele meer**




**Melktert  
Kompetisie**

**Afval en skaapkop  
Plaasubestelling voor 22 Augustus  
by Dina 082 410 6823**

**26 AUGUSTUS 2017**  
**SATERDAG 08:00 - 15:00**

*Alta 082 682 1252  
Dina 082 410 6823*

**Zonderwaterweg, Cullinan  
(Oorkant Landdroskantoor)  
E028°32.188 S025°40.672**



# Lentefees Lentefees

**2 September 2017**

09:00 tot 13:00

**Hervormde Kerk Meyerspark**

40 Havelock Straat  
Wilgepark

[lentefees.geloofsbond.org.za](http://lentefees.geloofsbond.org.za)

Pret vir die hele gesin!

Bakkiesleep - Golf (hole-in-one)  
Skyfskiet - Helikopter simuleerde  
Waterglybaan - Skopfietsresies

Hope smullekker eetgoed

QR Skattejag



Kom soek die kodes op  
2 September 2017 en  
wen pryse!



[lentefees.geloofsbond.org.za](http://lentefees.geloofsbond.org.za)